# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA.

## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA.

*PUBLISHED BY AUTHORITY.* *UITGEGEE OP GESAG.*

1/- **Wednesday, 4th June, 1947.** **WINDHOEK** **Woensdag, 4 Junie 1947.** **No. 1310**


## CONTENTS


| | Page. |
|---|---|
| **PROCLAMATIONS—** | |
| No. 90 (Union). War Measure No. 20 of 1947: Repeal of Proclamation No. 105 of 1940. | 407 |
| No. 91 (Union). War Measure No. 21 of 1947: Amendment of National Security Regulation 30. | 408 |
| No. 109 (Union). War Measure No. 23 of 1947: Repeal of Proclamation No. 160 of 1941. | 408 |
| No. 112 (Union). War Measure No. 28 of 1947: Amendment of Emergency Finance Regulations. | 409 |
| **GOVERNMENT NOTICES—** | |
| No. 788 (Union). Control of Imports. | 409 |
| No. 789 (Union). Control of Industrial Chemicals and Non-Ferrous Materials. | 410 |
| No. 791 (Union). Control of Road Transportation. | 412 |
| No. 868 (Union). S.A. Medical and Dental Council: Rules regarding the Conditions under which Registered Optometrists may carry on their Calling. | 412 |
| No. 880 (Union). S.A. Medical and Dental Council: Amendment of the Rules regarding the Conditions under which Registered Occupational Therapists may carry on their Calling. | 412 |
| No. 954 (Union). Control of Jute Goods. | 412 |
| No. 955 (Union). Control of Imports. | 412 |
| No. 997 (Union). Emergency Finance Regulations: Control of Capital Issues—Exemption. | 413 |


## INHOUD


| | Bladsy. |
|---|---|
| **PROKLAMASIES—** | |
| No. 90 (Unie). Oorlogsmaatreël No. 20 van 1947: Herroeping van Proklamasie No. 105 van 1940. | 407 |
| No. 91 (Unie). Oorlogsmaatreël No. 21 van 1947: Wysiging van Landsveiligheidregulasie 30. | 408 |
| No. 109 (Unie). Oorlogsmaatreël No. 23 van 1947: Herroeping van Proklamasie No. 160 van 1941. | 408 |
| No. 112 (Unie). Oorlogsmaatreël No. 28 van 1947: Wysiging van die Buitengewone Finansieregulasies. | 409 |
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS—** | |
| No. 788 (Unie). Invoerbeheer. | 409 |
| No. 789 (Unie). Beheer van Nywerheidschemikalieë en Nie-ysterhoudende Stowwe. | 410 |
| No. 791 (Unie). Beheer van Padvervoer. | 412 |
| No. 868 (Unie). S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die Voorwaardes waarop Geregistreerde Optometriste hulle Beroep mag Beoefen. | 412 |
| No. 880 (Unie). S. A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die Voorwaardes waarop Geregistreerde Arbeidsterapeute hulle beroep mag Uitoefen. | 412 |
| No. 954 (Unie). Beheer oor Jute-Goedere. | 412 |
| No. 955 (Unie). Invoerbeheer. | 412 |
| No. 997 (Unie). Buitengewone Finansieregulasies: Beheer oor Kapitaaluitgiftes—Vrystelling. | 413 |


## PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 90, 1947 (Union).]

REPEAL OF PROCLAMATION No. 105 OF 1940, AS AMENDED.—WEARING OF UNIFORMS, BADGES OR OTHER INSIGNIA.

Under the powers vested in me by section *one bis* of the War Measures Act, 1940 (Act No. 13 of 1940), as inserted by section *one* of the War Measures Amendment Act, 1940 (Act No. 32 of 1940), I do hereby repeal Proclamation No. 105 of 1940, as amended by War Measure No. 61 of 1942 (Proclamation No. 150 of 1942).

This Proclamation shall be called War Measure No. 20 of 1947.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town on this the Eleventh day of April, One thousand Nine hundred and Forty-seven.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

## PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 90, 1947 (Unie).]

HERROEPING VAN PROKLAMASIE No. 105 VAN 1940, SOOS GEWYSIG.—DRA VAN UNIFORMS, KENTEKENS EN ANDER ONDERSKEIDINGSTEKENS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een bis* van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940 (Wet No. 13 van 1940), soos ingevoeg by artikel *een* van die Oorlogsmaatreëlswysigingswet, 1940 (Wet No. 32 van 1940), herroep ek hierby Proklamasie No. 105 van 1940, soos gewysig by Oorlogsmaatreël No. 61 van 1942 (Proklamasie No. 150 van 1942).

Hierdie Proklamasie heet Oorlogsmaatreël No. 20 van 1947.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Elfde dag van April Eenduisend Negehonderd Sewe-en-veertig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

J. C. SMUTS.

102 (B)



No. 91, 1947 (Union).]

AMENDMENT OF NATIONAL SECURITY REGULATION 30 (WAR MEASURE No. 4 OF 1941).

Under the powers vested in me by section *one bis* of the War Measures Act, 1940 (Act No. 13 of 1940), as inserted by section *one* of the War Measures Amendment Act, 1940 (Act No. 32 of 1940), I do hereby make the Regulations set out in the Annexure to this Proclamation.

This Proclamation shall be called War Measure No. 21 of 1947.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town on this the Eleventh day of April, One thousand Nine hundred and Forty-seven.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

ANNEXURE.

REGULATION.

AMENDMENT OF NATIONAL SECURITY REGULATION 30 (WAR MEASURE No. 4 OF 1941).

Regulation 30 of the National Security Regulations promulgated by Proclamation No. 20 of 1941. dated the 3rd day of February, 1941, as amended from time to time, is hereby amended—

(a) by the deletion in sub-regulation (1) of the words "who was domiciled or resident in the Union or the Mandated Territory at the time when he was attested for service with those forces";
(b) by the substitution in the said sub-regulation for the words "the Territory" of the words "the Mandated Territory";
(c) by the substitution in the said sub-regulation for the words "so attested", wherever they occur, of the words "attested for service with those forces";
(d) by the deletion in sub-regulation (2) of the words "who was domiciled or resident in the Union or the Mandated Territory at the time when he was attested for service with those forces";
(e) by the substitution in the said sub-regulation for the words "the Territory" of the words "the Mandated Territory";
(f) by the substitution in the said sub-regulation for the words "so attested", wherever they occur, of the words "attested for service with those forces"; and
(g) by the addition at the end of the said regulation of the following sub-regulation:—

"(9) For the purposes of this regulation any member of the land, air or naval forces of the Union, who was not domiciled or resident in the Union or the Mandated Territory at the time when he was attested for service with those forces, shall be deemed to have been resident, at the time when he was so attested, at the place in the Union where the headquarters of the forces concerned is situated."

No. 91, 1947 (Unie).]

WYSIGING VAN LANDSVEILIGHEIDREGULASIE 30 (OORLOGSMAATREËL No. 4 VAN 1941).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een bis* van die „Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940" (Wet No. 13 van 1940) soos ingevoeg by artikel *een* van die „Oorlogsmaatreëls-Wysigingswet, 1940" (Wet No. 32 van 1940), vaardig ek hierby die regulasies wat in die bylae van hierdie proklamasie uiteengesit is, uit.

Hierdie Proklamasie heet Oorlogsmaatreël No. 21 van 1947.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Elfde dag van April Eenduisend Negehonderd Sewe-en-veertig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

J. C. SMUTS.

AANHANGSEL.

REGULASIE.

WYSIGING VAN LANDSVEILIGHEIDREGULASIE 30 (OORLOGSMAATREËL No. 4 VAN 1941).

Regulasie 30 van die Landsveiligheidregulasies afgekondig by Proklamasie No. 20 van 3 Februarie 1941, soos van tyd tot tyd gewysig, word hierby gewysig—

(a) deur die woorde „wat in die Unie of die Mandaatgebied gedomiliseer of woonagtig was ten tyde van sy attestasie vir diens in genoemde staatsmag" in subregulasie (1) te skrap;
(b) deur die woorde „die gebied" in voormelde subregulasie te vervang deur die woorde „die Mandaatgebied";
(c) deur die woorde „soos voornoem" in voormelde subregulasie, waar dit ook al voorkom, te vervang deur die woorde „vir diens in genoemde staatsmag";
(d) deur die woorde „wat in die Unie of die Mandaatgebied gedomiliseer of woonagtig was ten tyde van sy attestasie vir diens in genoemde staatsmag" in subregulasie (2) te skrap;
(e) deur die woorde „die gebied" in voormelde subregulasie te vervang deur die woorde „die Mandaatgebied";
(f) deur die woorde „soos voornoem" in voormelde subregulasie, waar dit ook al voorkom, te vervang deur die woorde „vir diens in genoemde staatsmag"; en
(g) deur onderstaande subregulasie aan die end van voormelde regulasie in te voeg:—

„(9) Wat hierdie regulasie betref, word daar geag dat 'n lid van die land-, lug- of seemag van die Unie wat nie ten tyde van sy attestasie vir diens in genoemde staatsmag in die Unie of die Mandaatgebied gedomisilieer of woonagtig was nie, ten tyde van sy attestasie soos voornoem, woonagtig was op die plek in die Unie waar die hoofkwartier van die betrokke staatsmag geleë is."

No. 109, 1947 (Union).]

Under the powers vested in me by section *one bis* of the War Measures Act, 1940 (Act No. 13 of 1940), as inserted by section *one* of the War Measures Amendment Act, 1940 (Act No. 32 of 1940), I do hereby repeal Proclamation No. 160 of the 23rd August, 1941 (War Measure No. 32 of 1941—War Damage Insurance Act, 1941: Minister of Finance empowered to enter into agreements with Governments of other Territories whereby the provisions of the Act is extended to cover goods in transit through such territories), with effect from the date of the promulgation of this Proclamation.

This Proclamation shall be called War Measure No. 23 of 1947.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this Twenty-second day of April One thousand Nine hundred and Forty-seven.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

JAN H. HOFMEYR.

No. 109, 1947 (Unie).]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een bis* van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940 (Wet No. 13 van 1940), soos ingevoeg by artikel *een* van die Oorlogsmaatreëlswysigingswet, 1940 (Wet No. 32 van 1940), herroep ek hierby Proklamasie No. 160 van 23 Augustus 1941 (Oorlogsmaatreël No. 32 van 1941—Oorlogskadeversekeringswet, 1941: Minister van Finansies gemagtig om ooreenkomste met Regerings van ander Gebiede aan te gaan waarvolgens die bepalings van die Wet uitgebrei word om goedere in transito deur sulke gebiede te dek) met ingang van die datum van afkondiging van hierdie Proklamasie.

Hierdie Proklamasie heet Oorlogsmaatreël No. 23 van 1947.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Sewe-en-veertig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

JAN H. HOFMEYR.

No. 112, 1947 (Union).]

Under the powers vested in me by section *one bis* of the War Measures Act, 1940 (Act No. 13 of 1940), as inserted by section *one* of the War Measures (Amendment) Act, 1940 (Act No. 32 of 1940), I do hereby make the regulations set forth in the Annexure to this Proclamation.

This Proclamation shall be called War Measure No. 28 of 1947.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this Eighth day of May One thousand Nine hundred and Forty-seven.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

JAN H. HOFMEYR.

ANNEXURE.

AMENDMENT OF EMERGENCY FINANCE REGULATIONS.

CONTROL OF CAPITAL ISSUES.

The regulations set forth in the Annexure to War Measure No. 119 of 1942 (Proclamation No. 266 of 1942), as amended by War Measure No. 9 of 1943 (Proclamation No. 30 of 1943) and by War Measure No. 14 of 1947 (Proclamation No. 59 of 1947) are hereby further amended by the substitution for sub-regulation (2) of regulation 14 of the following sub-regulation:—

"(2) The Minister of Finance may from time to time by notice in the *Gazette*—

(a) exempt particular classes of issuers of capital, either generally, or in respect of particular classes of issues of capital, from the operation of sub-regulation (1); or

(b) increase, either generally or in respect of particular classes of issues or issuers of capital, the aggregate exemption limits of five thousand pounds prescribed in sub-regulation (1)

and may by similar notice withdraw any such aforementioned notice or reduce to not less than five thousand pounds any exemption limit prescribed in any such aforementioned notice as the case may be."

No. 112, 1947 (Unie).]

Kragtens die bevoegdheid wat my by artikel *een bis* van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940 (Wet No. 13 van 1940), soos ingevoeg by artikel *een* van die Oorlogsmaatreëls-Wysigingswet, 1940 (Wet No. 32 van 1940), verleen is, vaardig ek hierby die regulasies uit wat in die Bylae van die Proklamasie uiteengesit is.

Hierdie Proklamasie heet Oorlogsmaatreël No. 28 van 1947.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Sewe-en-veertig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

JAN H. HOFMEYR.

AANHANGSEL.

WYSIGING VAN DIE BUITENGEWONE FINANSIEREGULASIES.

BEHEER OOR KAPITAALUITGIFTE.

Die regulasies wat in die Aanhangsel tot Oorlogsmaatreël No. 119 van 1942 (Proklamasie No. 266 van 1942), soos gewysig by Oorlogsmaatreël No. 9 van 1943 (Proklamasie No. 30 van 1943) en by Oorlogsmaatreël No. 14 van 1947 (Proklamasie No. 59 van 1947), uiteengesit is, word hierby verder gewysig deur die vervanging van subregulasie (2) van regulasie 14 deur onderstaande subregulasie:—

„(2) Die Minister van Finansies kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) spesifieke soorte uitgeërs van kapitaal, òf in die algemeen òf met betrekking tot spesifieke soorte uitgiftes van kapitaal, vrystel van die bepalings van subregulasie (1); of

(b) die vrystellingsperke van vyfduisend pond, soos in subregulasie (1) aangegee, òf in die algemeen òf met betrekking tot spesifieke soorte uitgiftes of uitgeërs van kapitaal, verhoog,

en kan by soortgelyke kennisgewing enige sodanige voormelde kennisgewing terugtrek of enige vrystellingsperk wat in enige sodanige voormelde kennisgewing aangegee is, na gelang van die geval, na 'n bedrag van nie minder as vyfduisend pond nie, verminder."

# Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 788 (Union).] [18th April, 1947.

CONTROL OF IMPORTS.

I, SIDNEY FRANK WATERSON, Minister of Economic Development, acting under and by virtue of the powers vested in me by War Measure No. 75 of 1945, do hereby amend Government Notice No. 1643 of 7th September, 1945, as amended by Government Notice Nos. 1751 of 21st September, 1945, 2432 of 7th December, 1945, 955 of 3rd May, 1946, 1179 of 14th June, 1946, 1481 of 12th July, 1946, 2377 of 8th November, 1946, and 433 of the 28th February, 1947 by deleting the Schedule thereto and substituting therefor the Schedule to this notice with effect from the date of publication hereof.

SIDNEY F. WATERSON,
Minister of Economic Development.

SCHEDULE.

DIRECTOR OF FOOD SUPPLIES AND DISTRIBUTION.

*Cereals.*—Rice, whole or broken and all edible rice products, including starch and flour and all rice products intended for animal feeds; barley oats and rye and their products.

# Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 788 (Unie).] [18 April 1947.

INVOERBEHEER.

Ek, SIDNEY FRANK WATERSON, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by Oorlogsmaatreël No. 75 van 1945, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 1643 van 7 September 1945, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 1751 van 21 September 1945, 2432 van 7 Desember 1945, 955 van 3 Mei 1946, 1179 van 14 Junie 1946, 1481 van 12 Julie 1946, 2377 van 8 November 1946 en 433 van 28 Februarie 1947, deur die Bylae daarvan te skrap en dit met ingang van die datum van publikasie hiervan deur die Bylae van hierdie kennisgewing te vervang.

SIDNEY F. WATERSON,
Minister van Ekonomiese Ontwikkeling.

BYLAE.

DIREKTEUR VAN VOEDSELVOORRADE EN DISTRIBUSIE.

*Graansoorte.*—Rys, heel of gebreek en alle eetbare rysprodukte met inbegrip van stysel en meel en alle rysprodukte wat vir dierlike voedsel bedoel is; gars, hawer en rog en die produkte daarvan.

103(B)



NOTE.—Permits issued by the Department of Agriculture are required for the importation of wheat and wheat products, maize and maize products.

*Cocoa.*—Cocoa beans raw, nips and shells; cocoa butter; unsweetened chocolate couverture.

*Fats and Oils.*—Fatty acids; fish oils; oils and fats, animal and vegetable; oil seeds, including groundnuts for edible purposes; soap and substances containing soap.

*Fish.*—(1) Salted cod, haddock, hake, cusk, pollock, saithe and ling; (2) canned (tinned) salmon, pilchards, sardines, herrings, sild, brislings, alewives, tuna, mackerel, crawfish and ground fish (cod, haddock, hake, cusk, pollock, saithe and ling).

*Meat.*—Fresh, frozen, pickled, salted, smooked, canned, and dehydrated meat (excluding fresh and frozen poultry, rabbits and venison).

*Pulses.*—Dry beans, dry peas, dry lentils.

### CONTROLLER OF JUTE GOODS.

Jute products, whether in the piece or manufactured; bags, woolpacks and pockets, whether new or second-hand made from Jute, cotton, linen or any other fibre and suitable as containers for the conveyance of grain or grain products, wool, fruit, vegetables, fertilizers or coal; sewing and binding twine; paper lined jute or fibre material; excluding—

(a) such other manufactured commodities containing jute as a base or ingredient such as carpets, linoleums, jute webbing, jute gasketting, jute sashcord and jute furnishing fabrics excepting hessian;

(b) goods packed in jute or hessian covers and/or containers in respect of such covers or containers.

NOTE.—In terms of Government Notice No. 2019 of the 20th September, 1946, the above-mentioned goods are subject to import permit irrespective of the country of origin.

EXPLANATORY NOTES:

(1) The effect of this notice is to amend the previous list of articles requiring import permits under the National Emergency Regulations. Goods not shown in the above Schedule and those specifically excluded under the heading Controller of Jute Goods may be imported without permits previously required under these regulations.

(2) It should be noted that it is required by the Customs Department that importers who claim admission of permit-free goods must make and subscribe to the following certificates on the Customs Bill of Entry: "I certify that the goods marked X are not subject to import permit." (Signature)..............................

IMPORTANT NOTES:

Certificates of Essentiality for the importation of the following quota goods allocated to the Union by the Union Kingdom are still required and applications therefor should be submitted as heretofore:—

1. Leather.
2. Terneplate and tinplate.

---

No. 789 (Union).] [18th April, 1947.

### CONTROL OF INDUSTRIAL CHEMICALS AND NON-FERROUS MATERIALS.

I, Gabriel Daniel Louw, Controller of Industrial Chemicals and Non-Ferrous Materials, on behalf of the Minister of Economic Development, and by virtue of the authority invested in me by Government Notice No. 84 of 10th January, 1947, and War Measure No. 146 of 1942, as amended, do hereby order as follows:—

#### PART I.—GENERAL.

1. In this notice the following words and expressions have the meanings assigned to them unless the context otherwise requires:—

"Controller" means the Controller of Industrial Chemicals and Non-ferrous Materials, whose address is 216 Central Street, Pretoria;

"Union" means the Union of South Africa and includes the Mandated Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay.

2. The headings of the various parts of the regulations form part of the regulations.

3. The regulation shall apply throughout the Union.

4. Notwithstanding anything contained in these regulations the Controller may in such circumstances and to such extent as he may deem fit grant exemption to any person from all or any of the provisions of these regulations.

OPMBRKING.—Permitte wat deur die Departement van Landbou uitgereik word, is nog nodig vir die invoer van koring en koringprodukte en mielies en mielieprodukte.

*Kakao.*—Kakaobone, rou, saadvliesies en bassies, kakaobutter, nie-sout gemaakte sjokolade-bedekking.

*Vetstowwe en Olies.*—Vetsure; visolie; dierlike en plantaardige olie en vetstowwe; oliesade met inbegrip van grondbone vir eetdoeleindes; seep en stowwe wat seep bevat.

*Vis.*—(1) Gesoute kabeljou, skelvis, stokvis, dors, pollak, saithe en leng; (2) ingemaakte (in blikke) salm, pelser, sardientjies, harings, sild, brisling, Amerikaanse haring, tonyn, makriel, kreef en grondvis (kabeljou, skelvis, stokvis, dors, pollak, saithe en leng).

*Vleissoorte.*—Vars, bevrore, ingelê, gesout, gerook, blikkies- en ontwater (met uitsondering van vars en bevrore pluimvee, konyne en wildvleis).

*Peulvrugte.*—Gedroogde boontjies, gedroogde ertjies, en gedroogde lensies.

### KONTROLEUR VAN JUTEGOEDERE.

Juteprodukte, hetsy in die stuk of vervaardig; sakke, wolsakke en sakkies, hetsy nuut of tweedehands, gemaak van jute, katoen, linne of enige ander vesel en geskik as houers vir die vervoer van graan of graanprodukte, wol, vrugte, groente, misstowwe of steenkool; naai- en bindtou; jute- of veselmateriaal met papier uitgevoer; maar behalwe—

(a) sulke ander vervaardigde kommoditeite wat jute as 'n basis of bestanddeel bevat soos tapyte, linoleums, juteweefsel, jutepakking, juteraamkoord en jute-meubileerstowwe met uitsondering van goiing;

(b) goedere in jute- of goiingoortreksels en/of -houers gepak ten opsigte van sulke oortreksels of houers.

OPMERKING.—Ingevolge Goewermentskennisgewing No. 2019 van 20 September 1946, word 'n invoerpermit vir bovermelde goedere vereis ongeag die land van herkoms.

VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS:

(1) Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die vorige lys artikels waarvoor invoerpermitte ingevolge die Landsnoodtoestandregulasies nodig was, gewysig word. Goedere wat nie in bostaande Bylae aangegee is nie en die uitsonderings wat spesiaal onder die opskrif Kontroleur van Jutegoedere genoem is, kan ingevoer word sonder permitte wat voorheen ingevolge hierdie regulasies vereis is.

(2) Daar moet opgelet word dat die Doeanedepartement vereis dat invoerders wat op toelating van permitvrye goedere aanspraak maak, die volgende verklaring op die Doeane-inklaringsbrief moet doen en dit onderteken: „Ek sertifiseer dat die goedere wat met 'n X gemerk is, geen invoerpermit vereis nie. (Handtekening).............................................."

BELANGRIKE OPMERKINGS:

Noodsaaklikheidsertifikate vir die invoer van die volgende kwotagoedere wat die Verenigde Koninkryk aan die Unie toewys, word nog vereis en aansoeke daarom moet soos tevore ingedien word:—

1. Leer.
2. Verlode plaat en tinplaat.

---

No. 789 (Unie).] [18 April 1947.

### BEHEER VAN NYWERHEIDSCHEMIKALIEË EN NIE-YSTERHOUDENDE STOWWE.

Ek, Gabriel Daniel Louw, Kontroleur van Nywerheidschemikalieë en Nie-ysterhoudende Stowwe, gelas hierby namens die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling en kragtens die bevoegdheid my verleen by Goewermentskennisgewing No. 84 van 10 Januarie 1947, en Oorlogsmaatreël No. 146 van 1942, soos gewysig, as volg:—

#### DEEL I.—ALGEMEEN.

1. In hierdie kennisgewing het die onderstaande woorde en uitdrukkings die betekenis wat daaraan geheg word, tensy uit die samehang anders blyk:—

„Kontroleur", Kontroleur van Nywerheidschemikalieë en Nie-ysterhoudende Stowwe wie se adres Sentraalstraat 216, Pretoria is.

„Unie", die Unie van Suid-Afrika, met inbegrip van die Mandaatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai.

2. Die opskrifte van die verskillende afdelings van die regulasies vorm deel van die regulasies.

3. Die regulasies sal regdeur die Unie van krag wees.

4. Nieteenstaande enigiets wat in hierdie regulasies vervat word, kan die Kontroleur 'n persoon van al die bepalings van die regulasies of van enigeen daarvan onder omstandighede of in die mate wat hy goeddink, onthef.

## PART II.—RETURNS OF STOCKS.

5. (i) Every person whose business or part of whose business it is to sell or use any of the industrial chemicals listed in Schedule "A" hereto, or who owns or has power to dispose of or is in possession or control of any such industrial chemicals shall render a monthly return commencing with the month ending 30th April, 1947, in the form set out in Schedule "B" hereto. Provided that no return is required from any such person who holds or handles quantities of the said chemicals which amount to less than 200 lbs. of each during any period of twelve months.

(ii) All quantities shall be expressed in tons of 2,000 lbs.

(iii) Returns must be submitted in respect of each month and must reach the Controller not later than the 10th of the month following the month in respect of which the return is made.

(iv) Persons holding stocks at more than one place shall make separate returns for each such place.

G. D. LOUW,
Controller of Industrial Chemicals and Non-Ferrous Materials.

EXPLANATORY NOTES:

(1) The purpose of this notice is to obtain the necessary data to enable the controller to effect the equitable distribution of such supplies as are received from time to time.

(2) Failure to render returns in correct form and within the specified period will, in addition to the usual penalties, disqualify such person or persons from participating in any allocations when materials are distributed.

(3) As indicated under (2) (a), (b) and (c) of the above schedule separate figures are required in respect of fused, flaked and liquid caustic soda.

(4) No forms required under these regulations will be provided by the Controller.

### SCHEDULE "A".

(1) Soda ash (sodium carbonate).
(2) Caustic soda (sodium hydroxide)—
  (a) fused;
  (b) flaked;
  (c) liquid (quantities to be expressed in terms of sodium hydroxide content).
(3) Litharge.
(4) Red lead.
(5) White lead.
(6) Sodium silicate.

## DEEL II.—OPGAWE VAN VOORRADE.

5. (i) Enigiemand wie se besigheid dit is of gedeeltelik is om van die nywerheidschemikalieë wat in bylae „A" hieronder weergegee is, te verkoop of te gebruik of wat van die nywerheidschemikalieë besit of by magte is om dit van die hand te sit of beheer daaroor het, moet maandeliks 'n opgawe indien, beginnende met die maand eindigende 30 April 1947, op die wyse wat hieronder in bylae „B" uiteengesit is; met dien verstande dat geen opgaaf van enige persoon wat hoeveelhede van minder as 200 lb. van elke van genoemde chemikalieë hou of hanteer, nodig is nie.

(ii) Alle hoeveelhede moet in tonne van 2,000 lb. aangetoon word.

(iii) Opgawes moet ten opsigte van iedere maand verstrek word en moet die Kontroleur op of voor die 10de van die maand bereik wat volg op die maand ten opsigte waarvan 'n opgawe ingedien is.

(iv) As voorrade op meer as een plek gehou word, moet afsonderlike opgawes ten opsigte van iedere plek ingedien word.

G. D. LOUW,
Kontroleur van Nywerheidschemikalieë en Nie-ysterhoudende Stowwe.

VERDUIDELIKENDE OPMERKINGS:

(1) Die doel van hierdie kennisgewing is om die nodige inligting te bekom ten einde die Kontroleur in staat te stel om 'n eweredige verdeling van die voorrade wat van tyd tot tyd ontvang word, te maak.

(2) Versuim om die opgawes in die regte vorm en binne die aangewese tydperk in te dien, sal benewens die gewone strawwe so 'n persoon of persone belet om toewysings te kry wanneer die verdelings van materiaal gemaak word.

(3) Soos aangedui onder punt (2) (a), (b) en (c) van bylae „A" moet aparte syfers ten opsigte van gebluste, gevlokte en vloeibare bytsoda ingedien word.

(4) Geen vorms wat kragtens hierdie regulasies nodig is, sal deur die Kontroleur verskaf word nie.

### BYLAE „A".

(1) Soda-as (natriumkarbonaat).
(2) Bytsoda of seepsoda (natriumhidroksied)—
  (a) geblus;
  (b) gevlok;
  (c) vloeibaar (hoeveelhede moet aangetoon word in terme van die natriumhidroksied wat dit bevat).
(3) Loodglit (loodoksied).
(4) Rooimenie.
(5) Witlood.
(6) Natriumsilkaat.

### SCHEDULE "B".

Monthly return for industrial chemicals for month ended ....................

Name of firm .................... Address ....................

| Chemical | Estimated Annual Requirements | | Stock at beginning of Month | Manufactured during Month | Acquired during Month | | Used during Month | Sold during Month | Stock at End of Month | Purpose for which Product is Required and Remarks if any |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | For Use | For Sale | | | Quantity | Supplier | | | | |
| | | | | | | | | | | |

I/we certify that the above details are true and correct to the best of my/our knowledge and belief.

Date.................... (Signed)....................

### BYLAE „B".

Maandelikse opgawe vir nywerheidschemikalieë vir die maand eindigende ....................

Naam van firma .................... Adres ....................

| Skeikundige stof | Geskatte jaarlikse benodigdhede | | Voorraad aan begin van maand | Vervaardig gedurende maand | Angeskaf gedurende maand | | Gebruik gedurende die maand | Verkoop gedurende die maand | Voorrade aan einde van maand | Doel waarvoor produk benodig is en opmerkings as daar is |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vir gebruik | Vir verkoop | | | Hoeveelheid | Leweransier | | | | |
| | | | | | | | | | | |

Ek/ons sertifiseer dat bogenoemde besonderhede na die beste van my/ons kennis en wete waar en korrek is.

Datum.................... (Geteken)....................

104(B)



No. 791 (Union).] [18th April, 1947.

CONTROL OF ROAD TRANSPORTATION.

Under the powers vested in me by paragraph (a) of regulation 2 of the Annexure to War Measure No. 19 of 1943, published in *Government Gazette Extraordinary*, dated 26th March, 1943, I, F. CLAUD STURROCK, Minister of Transport, do hereby order that, with effect from 11th April, 1947, and until this order is revoked, the conveyance by means of a motor vehicle of fertilizer and fertilizing materials of whatever nature for agricultural purposes, may be undertaken within the Union of South Africa or the Mandated Territory of South West Africa without a motor carrier certificate or exemption as prescribed by the Motor Carrier Transportation Act, No. 39 of 1930, as amended.

F. CLAUD STURROCK,
Minister of Transport.

No. 791 (Unie).] [18 April 1947.

BEHEER VAN PADVERVOER.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (a) van regulasie 2 van die Bylae van Oorlogsmaatreël No. 19 van 1943 wat in die *Buitengewone Staatskoerant* van 26 Maart 1943 gepubliseer is, beveel ek, F. CLAUD STURROCK, Minister van Vervoer, hierby dat vanaf 11 April 1947, en totdat hierdie order teruggetrek word, die vervoer deur 'n motorvoertuig van kunsmis en misstowwe van watter aard ook al vir landboudoeleindes in die Unie van Suid-Afrika en die Mandaatgebied Suidwes-Afrika sonder 'n motortransport-sertifikaat of vrystelling soos deur die Motortransportwet, No. 39 van 1930, soos gewysig, voorgeskryf is, onderneem mag word.

F. CLAUD STURROCK,
Minister van Vervoer.

No. 868 (Union).] [2nd May, 1947.

SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.—RULES REGARDING THE CONDITIONS UNDER WHICH REGISTERED OCCUPATIONAL THERAPISTS MAY CARRY ON THEIR CALLING.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the amendment of the rules regarding the condition under which registered optometrists may carry on their calling, made by the South African Medical and Dental Council under sub-section (2) (b) of the said section of the Act, by the deletion of the words "and continuous" where they appear in No. 3 (c) of the said rules published under Government Notice No. 1676 of the 14th September, 1945.

No. 868 (Unie).] [2 Mei 1947.

SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.—REËLS BETREFFENDE DIE VOORWAARDES WAAROP GEREGISTREERDE OPTOMETRISTE HULLE BEROEP MAG BEOEFEN.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls betreffende die voorwaardes waarop geregistreerde optometriste hulle beroep mag beoefen, deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens subartikel (2) (k) van genoemde artikel van die Wet gemaak, deur die woorde „en gedurig" te skrap waar hulle in No. 3 (c) van genoemde reëls wat by Goewermentskennisgewing No. 1676 van 14 September 1945 gepubliseer is, voorkom.

No. 880 (Union).] [2nd May, 1947.

SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.—AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE CONDITIONS UNDER WHICH REGISTERED OCCUPATIONAL THERAPISTS MAY CARRY ON THEIR CALLING.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the amendment of the rules regarding the conditions under which registered occupational therapists may carry on their calling, made by the South African Medical and Dental Council under paragraph (k) of sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 1214 of the 14th June, 1946, by the insertion in paragraph (c) of rule 1 after the word "appliances" of the words "or handicraft materials".

No. 880 (Unie).] [2 Mei 1947.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD. — REËLS BETREFFENDE DIE VOORWAARDES WAAROP GEREGISTREERDE ARBEIDSTHERAPEUTE HULLE BEROEP MAG UITOEFEN.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls betreffende die voorwaardes waarop geregistreerde arbeidstherapeute hulle beroep mag beoefen wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens paragraaf (k) van subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet gemaak en afgekondig is by Goewermentskennisgewing No. 1214 van 14 Junie 1946 deur na die woord „toestelle" in paragraaf (c) van reël 1 die woorde „of handwerkmateriaal" in te voeg.

No. 954 (Union).] [9th May, 1947.

CONTROL OF JUTE GOODS.

I, Hermanus Johannes Geyer Kenney, Controller of Jute Goods, on behalf of the Minister of Economic Development, and by virtue of the authority vested in me by Government Notice No. 2531 of 29th November, 1946, as amended by Government Notice No. 438 of 28th February, 1947, and by regulation 22 of War Measure No. 146 of 1942, as amended, do hereby order as follows:—

1. The regulations published under Government Notice No. 437 of 28th February, 1947, are hereby amended by the addition of the following new regulation:—

"7. *bis.* As from 15th June, 1947, no person shall pack, convey, sell or buy flour, meal and semolina as defined by Government Notice No. 1414 of 10th October, 1941, as amended, rye flour and rye meal of the grades specified in Government Notice No. 2377 of 20th November, 1942, as amended, and mealie meal, samp and mealie rice, in bags other than cotton bags."

H. J. G. KENNEY,
Controller of Jute Goods.

No. 954 (Unie).] [9 Mei 1947.

BEHEER OOR JUTE-GOEDERE.

Ek, Hermanus Johannes Geyer Kenney, Kontroleur van Jutegoedere, gelas namens die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling en kragtens die bevoegdheid my verleen by Goewermentskennisgewing No. 2531 van 29 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 438 van 28 Februarie 1947 en by regulasie 22 van Oorlogsmaatreël No. 146 van 1942, soos gewysig, as volg:—

1. Die regulasies gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 437 van 28 Februarie 1947 word hiermee gewysig deur die volgende nuwe regulasie in te voeg:—

„7. *bis.* Van 15 Junie 1947 mag niemand meelblom, meel en semolina, soos bepaal by Goewermentskennisgewing No. 1414 van 10 Oktober 1941, soos gewysig, rogmeelblom en rogmeel van die grade aangegee in Goewermentskennisgewing No. 2377 van 20 November 1942, soos gewysig, en mieliemeel, gestampte mielies en mielierys in sakke verpak, vervoer, verkoop of koop nie, behalwe in katoensakke.

H. J. G. KENNEY,
Kontroleur van Jutegoedere.

No. 955 (Union).] [9th May, 1947.

CONTROL OF IMPORTS.

I, SIDNEY FRANK WATERSON, Minister of Economic Development, acting under and by virtue of the powers vested in me by War Measure No. 75 of 1945, do hereby amend the schedule to Government Notice No. 788 of the 18th April, 1947, as follows:—

No. 955 (Unie).] [9 Mei 1947.

INVOERBEHEER.

Ek, SIDNEY FRANK WATERSON, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by Oorlogsmaatreël No. 75 van 1945, wysig hierby die bylae tot Goewermentskennisgewing No. 788 van 18 April 1947 as volg:—

